# 7 Desember 2023 - Lesing 195 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Kennisneming van die verlossingsplan van God **–** 28/4/61

**NO: 7881** Dat Ek julle My ewige verlossingsplan onthul, moet julle die belangrikheid van die tyd waarin julle leef, laat besef. In alle duidelikheid laat Ek julle kennis toekom wat julle insig verskaf in My bestuur en werksaamheid, wat aan julle julle lewensdoel op aarde, die sin en die doel van die skepping, duidelik maak, - 'n kennis wat so geweldig en omvangryk is en wat vir julle van menslike kant af nie aangebied sou kon word nie, - 'n kennis wat julle slegs **deur die werksaamheid van My Gees oorgebring kan word**.

Ek bring 'n lig na die aarde, wat uitermate helder straal en wat die donker kan verdryf, as julle mense julleself oopstel wanneer julle onder die indruk raak dat Ek julle aanspreek. En die rede waarom Ek julle hierdie ongewone kennis stuur, **is dat die mens kort voor die einde staan.**

As julle nou in My heilsplan ingewy is, dan sal julle ook begryp dat 'n verlossingsperiode 'n einde het en moet hê, omdat julle dan alles leer bekyk vanuit die gesigspunt dat die gevalle geestelike die moontlikheid gegee moet word om te strewe na die weg wat teruglei na My, - **hetsy die mens of ook die nog in die skepping gebonde geestelike**, wat in sy oersubstansie as wese van My uitgegaan het en ook as wese na die Vaderhuis terug moet keer.

As julle My heilsplan van ewigheid ken, dan sal julle ook op hoogte wees van die eindelose ontwikkelingsgang wat die gevallene moet aflê om weer op te kan styg en **dan sal julle ook vol erbarming dink aan diegene wat die stadium van mens nog nie bereik het nie en in sy onvryheid ly,** omdat hy oorspronklik as iets geestelik wat vry was, van My uitgegaan het.

En dan sal julle ook weet dat dit kom deur die vrye wil van die mens, as hy faal in sy aardse lewe en dat hierdie vrye wil gevolglik self sy lot veroorsaak, dat hy die weg oor die aarde onregverdig afgelê het, wanneer hy die genade om as mens beliggaam te wees, nie gebruik het nie.

En dan sal julle ook begryp dat die gees self sy lewe op aarde weggooi - **en daarom 'n beëindiging van 'n verlossingsperiode alleen maar nog 'n daad van liefde van My kant is,** Wie ook die geestelike wil help om op te styg, wat baie verlang na die laaste omvorming om hulle vir goed te kan bevry, deur as mens die gang oor die aarde te gaan.

En julle mense in hierdie laaste tyd voor die einde, **bring Ek op hoogte van My verlossingsplan** en dit is vir julle 'n ongewone genade, omdat julle nou makliker in staat is om te glo aan 'n einde, as julle die verband eenmaal goed ingesien het. Want ofskoon 'n duisend jaar gelyk is aan een dag vir My, eendag sal die laaste dag tog aangebreek het wat van ewigheid af bepaal is. En dan sal Ek die bokke van die skape skei en sal hulle gered word wie My trou gebly het en sal bly, - geen enkele van hierdie sal hoef te vrees as die aarde skud en beef nie, want hul lewe sal veilig gestel wees tot in alle ewigheid.

Begryp dus My woorde goed en twyfel nie aan My en My Woord nie, wat uit die hoogte na julle kom, **wat julle 'n naderende einde aankondig** en wat vervul sal word omdat dit waarheid is.

Julle wat kennis neem van My openbaringe, sal waarlik maklik kan glo, **omdat julle die hele saamhang sal ken**. **Want daarom het Ek aan julle My verlossingsplan geopenbaar**, daarom is aan julle 'n ongewone kennis gestuur, wat julle lig sou gee, sodat julle sal kan glo. J

ulle sal My nie kan oorhaal om My heilsplan nie deur te voer nie, julle sal die dag van die einde nie meer kan teenhou nie, omdat dit sedert ewigheid voorbeskik is. Maar elkeen van julle kan aan diegene behoort aan wie Ek My beskerming beloof het as hulle trou bly aan My. Julle sal aan die weiniges behoort wat geregverdig is, wie My arm sal beskerm, wie Ek sal ophef van die aarde wanneer die uur aangebreek het wat vir alle skeppings op, in en bo die aarde 'n einde beteken.

Want My Mag is groot, My Liefde sonder einde en Sy gaan uit na al die nog onverloste gees. En My Wysheid sien waarlik ook die regte tyd waarin 'n verandering nodig is, **dan sal die positiewe ontwikkeling volgens My ewige orde vêrdergaan**.

En My Liefde, Wysheid en Mag sal steeds aan die werk wees as dit daarom gaan om al die gevalle geestelike terug te voer, wat huiswaarts moet keer na My Vaderhuis. Amein.